# Camp Discovery
## (Pty) Ltd Game Reserve
**Leadership, Sport and Adventure Academy**

P.O. Box 11328
Hatfield
0028

Tel: 012 722 0072
Fax: 012 722 0073
Email: info@campdiscovery.co.za

Company Reg. No. 2002/019899/07
VAT Reg. No. 4660228208


**Geagte Skoolhoof en Rugbyorganiseerder,**

## "CHAMPIONS OF CHAMPIONS" - 7'S RUGBY TOERNOOI BY CAMP DISCOVERY O/13 & O/15

Dit is met groot opgewondenheid dat ons u uitnooi na ons bekendstellings 7's Rugbytoernooi. Hierdie toernooi beloof om 'n unieke 7's Rugby-ervaring te wees wat vele wedstryde, "live streaming", toekennings vir alle beker-afdelings en lekker spangees beloof. Die toernooi sal deel vorm van die o/18 "Champions of Champions" toernooi waar die wenners van die verskeie Nasionale 7's toernooie teen mekaar gaan uitspeel by Camp Discovery. Dit beloof om 'n 7's skouspel te wees!

**MEER OOR CAMP DISCOVERY**

Camp Discovery is 'n 270-hektaar wildreservaat 60km noord van Pretoria in die Dinokeng-bewaringsgebied. `n Verskeidenheid wild-, voël- en boomspesies kom hier voor in 'n tipiese bosveldhabitat. Gereelde wildbesigtigingsritte is deel van die program. 'n Verskeidenheid van wild soos elande, kameelperde, swartwitpense, bastergemsbokke, gemsbokke, waterbokke, rooihartebeeste, koedoes, rooibokke, blouwildebeeste, springbokke, rietbokke, bosbokke, zebras, njalas, duikers, steenbokkies en vlakvarke word gereeld gesien. Daar word ook geteel met goue wildebeeste en swart rooibokke.

Ons terrein en fasiliteerders is van uitstekende gehalte. Aktiwiteite wat waarde toevoeg tot die program is onder andere fietsritte, boogskiet, hindernisbane en ons uitstekende spyskaart!

**MEER OOR DIE ORGANISEERDER**

- Ludwiche van Deventer – Erkende spesialis 7's Rugby-afrigter en stigter/eienaar van die SA All Stars 7's Rugby program
- Vlak 1 & 2 WR – Geakkrediteerde 7's spesialis afrigter
- Stigter en hoofafrigter van die SA All Stars 7's Rugbyprogram wat Internasionale toere jaarliks ondergaan na verskeie lande soos Amerika, Duitsland, Namibie, Dubai en verskeie provinsies regoor Suid-Afrika
- Provinsiaal afgerig: BBRU skole 7's-span, BBRU senior amateur 7's-span, BBRU 7's platteland-span
- Hoofafrigter van Harlequins (QBR), Pretoria se 7's rugbyprogram en "SCC" (skills and conditioning coach) van die GoldCup 15's span – QBR (Quins-Bobbies Rugby), Pretoria
- @lantic Skole 7's reeks en "Champions of Champions" toernooi kwalifiserende afrigter
- 13 Jaar ondervinding as 7's Rugby-afrigter
- Vir meer inligting oor die SA All Stars 7's program besoek gerus die webtuiste by www.allstars7's.co.za en besigtig hul prestasies en Internasionale toere wat die spelers jaarliks ondergaan




**Directors: WL van Deventer (Chairman), VD Mazibuko, JA Haasbroek**

**WAT KAN JY VERWAG BY ONS 7's RUGBYTOERNOOI**

Die program behels insette tot professionele afrigting sowel as spanbou-aktiwiteite. Die hoof fokus van die toernooi is wedstrydgeleentheid om spelbevordering te kweek, identifisering van 7's talent wat blootgestel kan word aan Internasionale 7's geleenthede en spanbou vir beide spelers en afrigters. Al ons spanbou aktiwiteite sal verseker dat julle span/spanne 'n hegte eenheid sal vorm om by die unieke ervaring van 7's Rugby by Camp Discovery te voeg. By Camp Discovery het ons ten doel om werklik 'n verskil in jongmense se lewens te maak en daarom bied ons vir die speler meer as net afrigting en wedstryde.

| **DATUM** | **OUDERDOMSGROEPE** |
|---|---|
| 20 – 22 Oktober 2017 | o/13 & o/15 (Slegs 16 spanne per ouderdomsgroep) |

**FOOIE**

- **R 750.00** per speler vir een nag en **R1150** per speler vir twee nagte
- 2 afrigters gratis per span van 12 spelers
- Addisionele afrigters betaal dieselfde prys as 'n speler per nag
  (Alle aktiwiteite is ingesluit by die fooie)

**DIE FOOIE SLUIT DIE VOLGENDE VIR DIE SPELERS IN:**

- Gerieflike en netjiese akkommodasie
- Gebalanseerde etes
- Goed opgeleide fasiliteerders om na u spanne om te sien
- Wedstryde
- 'n Wildrit
- Spanbou-aktiwiteite soos die letteriabaan, hindernisbaan, groepsdinamikabaan, "bundu race", fietsritte, skyfskiet, boogskiet, swembadspele
- Aandvermaak vir groepe soos sokkies, kampvuur, dvd-aande en nagmars
- Noodhulpdienste teenwoordig tydens die volle tydperk
- Professionele groep-, span-, en individuele afrigting (Opsioneel vir afrigters teen geen addisionele koste)
- Kwaliteit skeidsregters

**WAT IS OP DIE SPEL TYDENS DIE TOERNOOI**

- Daar sal 4 bekerafdelings wees om maksimale wedstryde te verseker
- Camp Discovery spantrofee en medaljes vir elke speler van die verskeie bekerafdelings

**DIE FOOI SLUIT DIE VOLGENDE VIR DIE AFRIGTERS IN:**

- "Coaching the Coaches" sessie saam met die paneel van 7's spesialiste – Kom gerus voorbereid met jou vrae wat van toepassing is op jou span! (Bv. Samestelling van 'n 7's span, fondamentele beginsels van 7's Rugby en die praktiese afrigting van 7's op skolevlak)
- Netjiese, ten volle toegeruste chalet's (Bring eie handoek)
- Fasilitering van aandprogram vir spelers deur Camp Discovery
- 'n Wildrit
- Alle Rugbytoerusting word voorsien
- Kuier in 'n private kuierarea

**WAT OM SAAM TE BRING**

**Spelers:**

- Eie beddegoed
- Eie eetgerei
- Rugby oefen- en wedstryddrag vir wedstryde

**Afrigters:**

- Handdoeke
- Rugbyballe
- Skole/Spanne moet hulle eie noodhulpsak en "strapping" materiaal saambring.

**BESPREKINGS**

- 'n Deposito van R 1000,00 per span is nodig om julle plek te verseker
- Stuur asseblief **so gou moontlik** die besprekingsvorm terug!
- Slegs 16 spanne sal geakkommodeer word per ouderdomsgroep

Betaal asb u deposito in die volgende rekening in:

**Camp Discovery (Pty)Ltd**
**FNB Hatfield**
**Takkode : 25 21 45**
**Rekening no : 62101822668**

**Stuur u inskrywingsvorms so gou moontlik terug om teleurstelling te voorkom!**

**Vir enige navrae oor hierdie 7's toernooi, kontak asb vir Natasha by 012 722 0072 gedurende kantoorure of epos haar by info@campdiscovery.co.za.**

**Besoek gerus ook ons webwerf by www.campdiscovery.co.za.**

**Ons sien daarna uit om u by ons pragtige terrein en opwindende 7's Rugbytoernooi te verwelkom!**

**Camp Discovery Groete,**

**Marie van Deventer**
**Bemarkingsbestuurder**
**Sel: 082 697 1415**
**Epos: marketing@campdiscovery.co.za**

# Camp Discovery
## 7's Rugbytoernooi
## Besprekingsvorm
## 2017

Naam van skool: _____

Tel: _____ Faks: _____

Organiseerder: _____ Sel: _____

Afrigter: _____ Sel: _____

Epos: _____

Toernooidatum : 20 – 22 Oktober 2017

| Ouderdoms-groep | Aantal spelers per span | Aantal afrigters/ organiseerer | Aantal Nagte | Deposito R1000 per span | Totale bedrag betaalbaar 21 dae vooraf |
|---|---|---|---|---|---|
| o/13 | | | | | |
| o/15 | | | | | |

- ☐ **R1000 deposito betaal**
- ☐ **Betalingsbewys aangeheg**
- ☐ **Onderneem om totale bedrag 21 dae voor die aanvang van die toernooie te betaal.**

**Faks asb besprekingsvorm na 012 722 0073 / 086 516 7634**

**Neem asb. kennis dat slegs 16 spanne per ouderdomsgroep geakkommodeer sal word.**

**Hoof (Naam):**_____**Handtekening:**_____

**Datum:**_____